SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 25 FEBRUARIE 2018

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur ZS6JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste.

'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

In die nuus vandag:

DIE SARL HAMNET 40 M GESIMULEERDE NOOD KOMPETISIE VANMIDDAG

DIE 2018 SARL AJV BOEKIE IS BESKIKBAAR VIR AFLAAI

en

SOTA PIEK NA PIEK EUROPA NA AUSTRALIË EN VERDER OP 10 MAART

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

DIE SARL HAMNET 40 M GESIMULEERDE NOOD KOMPETISIE VANMIDDAG

Die gewilde Hamnet 40 m-kompetisie is vanmiddag vanaf 12:00 tot 14:00 UTC op die lug met foon aktiwiteit tussen 7 063 tot 7 100 kHz en 7 130 tot 7 200 kHz. Die kompetisie is oop vir alle radio amateurs in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe, Swaziland, Mosambiek, Lesotho, Marion-eiland en Suid-Afrikaanse Antarktika. Slegs kontakte met hierdie gebiede sal tel.

Jy en/of jou Klub kan deelneem as 'n enkel operateur-stilstaande mobiele stasie, 'n enkele operateur draagbare stasie, 'n multi-operateur draagbare stasie of 'n enkele operateur basis stasie. Die uitruiling is 'n sein verslag, gevolg deur 'n drie-syfer nommer soos per kategorie van deelname. Raadpleeg asseblief die 2018 SARL Blouboek voor die kompetisie begin vir al die inligting oor die kompetisie. Jy sal 'n MS Excel-logstaat vir hierdie kompetisie vind by www.sarl.org.za/public/contests/contestrules.asp

DIE 2018 SARL AJV BOEKIE IS BESKIKBAAR VIR AFLAAI

Die 2018 SARL AJV Boekie is beskikbaar vir aflaai vanaf die Lede Alleen afdeling van die Liga se webwerf. Die boekie bevat die uitnodiging na die AJV, 'n afskrif van die volmag vorm, 'n afskrif van die registrasie vorm vir die Nasionale

Konvensie, die agenda vir die AJV, die notule van die 2017 AJV, die finansiële dokumente en die mosies alles in een dokument. Die mosies is ook op die SARL forum geplaas.

Kyk asseblief na die bewoording op die volmag vorm, maak asseblief seker dat die persoon vir wie jy jou volmag wil gee, die AJV gaan bywoon! Die registrasie vir die Nasionale Konvensie sluit nie akkommodasie in nie. Dit moet apart bespreek word by Farm Inn www.farminn.co.za

CHRIS BURGER, ZS6EZ, WEN EE UITGEWERS SE BESTE TEGNIESE ARTIKEL TOEKENNING

Chris Burger, ZS6EZ, van die WNNR Meraka-instituut het EngineerIT se beste tegniese artikel-toekenning vir 2017 gewen vir hul artikel " TV white space for South Africa", wat in die Oktober 2017-uitgawe van EngineerIT gepubliseer is. Chris se mede-outeur was dr Moshe Masonta. Hierdie artikel verskaf inligting oor onlangse ontwikkelings in beleidsformulering vir TV-witruimte breëband netwerke in Suid-Afrika as 'n oplossing vir die toenemende vraag na addisionele radiospektrum. Om die artikel te lees, klik op die skakel in die SARL tuisblad.

SDR WERKSWINKEL BY NARS OM ANTENNA KWESSIES TE BESPREEK

Die volgende SDR-werkswinkel sal om 09:00 op Saterdag 17 Maart by die NARS gehou word. By die werkswinkel sal daar 'n verslag wees oor die SARL RF Geraas Moniterings Projek. Ander onderwerpe wat gedek gaan word, is hoe om data op te laai na die bediener te outomatiseer, 'n inleiding tot GNU Radio deur Anton Janovsky, ZR6AIC, en 'n bespreking oor die beste antenna wat gebruik word vir die geraas moniterings projek deur Vincent Harrison, ZS6BTY. Die koste beloop R50 vir SARL en AMSAT SA lede en R100 vir nie-lede. Registrasiebesonderhede is op www.amsatsa.org.za of kies die skakel vanaf die SARL Tuisblad. Daar sal geen fasiliteite by die werkswinkel wees om kontant te hanteer nie. Gebruik asseblief EFT.

DIE SARL BHF/UHF ANALOOG KOMPETISIE VOLGENDE NAWEEK

Die eerste been van die SARL BHF/UHF Analoog kompetisie sal vanaf 10:00 UTC Saterdag 10 Maart tot 10:00 UTC Sondag 11 Maart 2018 op die lug wees met die ESB, AM, FM en Gelykgolf aktiwiteit op 6, 4 en 2 meter en 70 en 23 sentimeter en hoër. Jy kan deelneem as 'n enkel operateur, 'n multi operateur, 'n draagbare of veldstasie en as jy nie die volle 24 uur kan werk nie, dan 'n beperkte 4-ure-stasie.

Kontakte moet tweerigting punt tot punt wees. Stasies ruil sein verslae sowel as hul ligging, bv. (breedtegraad en lengtegraad of volle ses-syfer Maidenhead ruitvierkant of akkurate area/adres/plek). 'n Afskrif van die BHF/UHF logstaat en opsommingsblad is beskikbaar in MS Excel formaat by www.sarl.org.za/public/contests/contestrules.asp. Die logstaat sal afstande en vermenigvuldigers outomaties bereken. Dien jou logstaat teen 19 Maart in by contest@sarl.org.za. Lees die 2018 SARL Blouboek vir al die reëls.

Jy luister na 'n nuus bulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga

82STE RSGB STATEBOND KOMPETISIE

Die RSGB Statebond kompetisie loop vanaf 10:00 UTC Saterdag 10 Maart tot 10:00 UTC Sondag 11 Maart 2018 met gelykgolf aktiwiteit op 80, 40, 20, 15 en 10 meter. Slegs stasies wat in die RSGB Statebond Roep Area-lys verskyn kan deelneem aan hierdie kompetisie deelneem, besoek www.rsgbcc.org/hf/information/codes.shtml. Die uitruiling is 'n RST-verslag en reeksnommer, HK-stasies sal 'n RST-verslag, reeksnommer en HQ' stuur.

TAK-TENNA ANTENNA INLIGTING BENODIG

Ons is op soek na enige eienaars en gebruikers van die TAK-tenna antenna wat bereid is om inligting en bedryfservaring te deel vir 'n toetsprojek wat by die Paardefontein Nasionale Toetsbaan aan die buitewyke van Pretoria (www.paardefontein.co.za) aangebied word.

Alhoewel daar baie konstruksie-inligting beskikbaar is op die internet, is 'n kommersiële model nou beskikbaar met beperkte inligting. Die kommersiële weergawe sal later in die jaar formeel getoets word by die Nasionale Toetsreeks. Indien jy enige inligting het om met die toetsprojek te help, skakel gerus L.P. Lindeboom by 083 629 1767 of e-pos aan boom@paardefontein.co.za.

MAART RADIO ZS

Die Maart-uitgawe van Radio ZS is vanaf Sondag 25 Februarie beskikbaar vir aflaai vanaf die liga-webblad. Die redakteur sien dat teen Saterdag 3 Maart slegs 359 afskrifte afgelaai is.

WANNEER VOORTPLANTINGS TOESTANDE UITSONDERLIK SWAK IS, WAT KAN JY OP BHF WERK?

As voortplanting baie swak is op BHF, kan jy steeds honderde kilometer per dag op Tropo Strooi met diep QSB werk en as jy 400 Watt in 'n hoë wins Yagi-antenna kan gebruik, selfs op die UHF-bande. Maar as jy nie die hoë krag het nie, dan kan jy nog steeds pret hê om in die spits vlieg tydperke van passasiersvliegtuie-verspreiding op BHF te werk. As jy toegerus is vir digitale werking met FSK441 of MSK144, kan jy meer as 1 300 km op 50, 70 en 144 MHz werk via klein meteore wat die meeste oggende teenwoordig is. DX kan met normale krag gewerk word, wanneer 'n satelliet jou lugruim oorsteek, met normale krag in 'n pyl-tipe Yagi vir 144 en 432 MHz. Dan, as jy een van die groot manne is, kan jy byna daagliks wêreldwye DX op BHF, UHF en Mikrogolwe via AMA werk wanneer die Maan sigbaar is. Daar is nooit 'n saai oomblik op BHF en hoër nie!

SOTA PIEK NA PIEK EUROPA NA AUSTRALIË EN VERDER OP 10 MAART

In Pieke op die Lug (SOTA) is een van die moeiliker en dus uitdagende aksies om van een PIEK na 'n ander te kommunikeer, gewoonlik met lae krag en 'n

eenvoudige antenna aan albei kante. Voeg daar by afstand en swak voortplanting en die uitdaging is enorm. Dit sal nie meer as 30 SOTA aktiveerders afskrik nie, wat vanjaar op 10 Maart in Europa, Kanada, Suid-Afrika, Australië, Nieu-Seeland en Japan berge gaan klim. Betyds vir lang pad voortplanting tussen Europa en Asië-Stille Oseaan.

Die Piek na Piek (of S-2-S) byeenkoms begin om 06:30 UTC - vir langpad tussen Europa en Australië oor die volgende 90 minute of so. Ten spyte van die swak voortplanting wat voorspel word, is daar van tyd tot tyd openinge, selfs onder in die son siklus. Dit is die eerste keer dat Suid-Afrika toetree en hoewel kontakte van daar na Europa onwaarskynlik is, kan kontakte na Australië plaasvind. Die ZS SOTA databasis is omvattend opgedateer, besoek www.sota.org.uk en soek 'n piek in jou omgewing om op 10 Maart te aktiveer.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak baie laag gaan bly. Daar is tans slegs een klein sonvlekkie sigbaar met geen kans vir ernstige sonfakkels nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 15 tot 30m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag - die SARL Hamnet 40 m kompetisie en die ARRL DX SSB kompetisie 5 Maart - die sluitingsdatum vir die Digitale kompetisie logstate 8 Maart - Internasionale Vrouedag 10 Maart - die SOTA Piek-na-Piek geleentheid 10 en 11 Maart - die SARL BHF/UHF Analoog kompetisie en die 82ste RSGB Statebond kompetisie 12 Maart - die sluitingsdatum vir Hamnet logstate 19 Maart - die sluitingsdatum vir BHF/UHF Analoog logstate 20 Maart - Herfs Dag en Nagewening en die Internasionale Dag van Geluk

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die gewilde Hamnet 40 m-kompetisie is vanmiddag vanaf 12:00 tot 14:00 UTC op die lug met foon aktiwiteit tussen 7 063 tot 7 100 kHz en 7 130 tot 7 200 kHz. Die kompetisie is oop vir alle radio amateurs in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Zimbabwe, Swaziland, Mosambiek, Lesotho, Marion-eiland en Suid-Afrikaanse Antarktika. Slegs kontakte met hierdie gebiede sal tel.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie. Luister elke Sondagoggend om 10:00 plaaslike tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF

en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 plaaslike tyd op 4 895 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou 'n mooi week toe. Totsiens.

/EX